

9 Augustus

Skrifgedeelte: Josua 9:1-27 (OAV)

Sondag 37,36

Fokusgedeelte: Josua 9:19

Bly by dit wat jy gesweer het!

Die Gibeoniete het met hulle slinkse plan verseker dat hulle volkies voortbestaan verseker is. Hierteenoor het die Israeliete egter 'n baie swak geheue gehad: met die nederlaag by Ai het die Here hulle 'n les geleer dat jy nie sonder die Here 'n projek moet aanpak nie. Toe die Gibeoniete opdaag, vergeet hulle hierdie hele les.

Hulle vra uit na die padkos, maar nie na die wil van die Here nie. Selfs die Gibeoniete se verwysing na God se almagsdade (9:9,10) laat hulle nog nie daaraan dink om God eers te raadpleeg nie.

Hoe is dit met jou gesteld? Val jy ook maar eerder terug op menslike goeddunke en insig as om God te raadpleeg? Die uiterlike tekens tel baie keer meer as die taal van ondervinding.

Israel maak 'n belofte aan Gibeon. Daar is sommige wat dit wou verbreek toe die slinkse plan op die lappe kom. Die leiers en Josua besef wel dat hulle 'n fout gemaak het, maar 'n eed is 'n eed! By 'n eed word die Here se Naam aangeroep en word Hy as 'n getuie ingeroep. Sy Naam mag nie misbruik of ydellik gebruik word nie. Daarom hou jy by jou beloftes.

Omdat hulle Israel mislei het, word die Gibeoniete tog vervloek tot houtkappers en waterdraers (9:21). Hulle word dus slawe – aanvanklik van die Israeliete self – maar dan ook slawe vir die huis van die Here! (9:23). Vergelyk Psalm 84: Een dag in die tempel se voorhof is beter as duisend dae daar buite.

Ons neem soms verkeerde besluite, maar as daar 'n eed daaraan verbonde is, moet jy jou daaraan hou. Ons dink hier aan die beloftes aan jou huweliksmaat, die doopbelofte, die belydenisaflegging en toe jy as ampsdraer bevestig is. Maak van die "fout" 'n geleentheid om saam by God uit te kom – soos die Gibeoniete.

Die Here kom sy beloftes aan ons getrou na!

Sing: Psalm 84:1,5

Ds AH Stavast (Mosselbaai)